VIDEO-OPROEP

As jy per internet ‘n video-oproep wil maak(wil “skype”), moet jy eers kyk of die persoon met wie jy wil praat “aanlyn” is. Is sy rekenaar aan en ook aan die internet gekoppel sodat jy kan skakel? Nou gebeur dit dikwels dat ek graag wil “skype”, maar die betrokke persoon nie aanlyn is nie. Dan moet ek later of dalk môre maar weer probeer. Of ‘n SMS stuur dat hy/sy eers aanlyn moet gaan. ‘n Paar dae terug tref dit my dat ek nogal dikwels ietwat teleurgesteld is omdat ek nie met die persoon aan die anderkant kan praat as ek ‘n behoefte het om met hom/haar te skakel nie. Maar toe dink ek daaraan hoe wonderlik dit is dat ek enige tyd met die Here kan praat, sonder om, met respek gesê, te wonder of Hy aanlyn is. Die Here slaap nooit(Psalm 121:3). Hy is **altyd** beskikbaar as ons roep. Die talle aardse beperkinge bestaan nie as ek ‘n behoefte het om met my Hemelse Vader te praat nie.

Op talle plekke in die Bybel lees ons dat die Here altyd beskikbaar is. Net ‘n paar voorbeelde: In Matteus 28:20 beloof Jesus dat Hy **altyd** by ons sal wees. Dit beloof Hy ook in Haggai 2:4-5. By ons, selfs nog baie nader as ‘n oproep ver. Dawid sê in Psalm 5:3 “As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af.” Ek kan enige tyd roep en die Here antwoord(Hosea 2:20). In Sagaria 13:9 beloof die Here dat Hy ons gebede verhoor. En in Handelinge 2:21 dat elkeen wat die Here aanroep, gered sal word. Jakobus moedig ons aan om tot God te nader, dan sal Hy tot ons nader. Ook dat as ons wysheid nodig het, ons die Here moet vra en Hy sal dit vir ons gee. Enige tyd en soveel ons wil hê.

Hoe wonderlik as ek **nou** met die Here wil praat ek dit kan doen. Ek hoef nie soos met my rekenaar te wag tot later of tot môre nie. Hoe dankbaar moet ons wees dat ons elke oomblik ‘n oop lyn hemel toe het!

Jan Lubbe